Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 24 NOVEMBER 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
wnd Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, amptenare, lede van die publiek en die pers, asook Pastoor Rezant van die AGS-gemeente in Chatsworth wat die vergadering op versoek van die Speaker met skriflesing en gebed open.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan rdl V D McQuire, synde die enigste raadslid wat in November verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B J Stanley.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 VERORDENING INSAKE DIE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS

Die Speaker spreek die vergadering toe aangaande sy verwagting dat orde deurgaans op vergaderings gehandhaaf moet word ten einde die integriteit van die Raad te handhaaf.

Dit is belangrik dat raadslede en lede van die publiek die reëls ingevolge die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, asook die Gedragskode vir Raadslede ingevolge die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, no 32 van 2000 (Skedule 1) moet gehoorsaam.

3.1/...

Die Speaker doen 'n beroep op lede van die Raad om die reëlings van die Speaker in ag te neem wanneer besprekings in die Raad plaasvind, aangesien die onus op die Speaker berus om toe te sien dat die integriteit en beeld van die Raad beskerm word.

Die Speaker noem dat hy sy verantwoordelikhede teenoor die Raad tot die beste van sy vermoë sal nakom en dat hy ten alle tye daarna sal streef om apolities te wees as voorsitter van die Raad. Die Speaker verduidelik ook verder die rol van die Munisipale Bestuurder om hulp te verleen en inligting te verskaf op versoek van die Speaker.

Die Speaker bevestig dat indien daar nie by die reëls gehou word nie, en die amp van die Speaker as voorsitter van die Raad verontagsaam word, daar dissiplinêr teen raadslede opgetree sal word.

BESLUIT dat daar kennis geneem word van die beroep deur die Speaker dat lede hulleself op hoogte moet bring met die bepalings van die Reëls vir die Hou van Vergaderings (soos afgekondig in Provinsiale Koerant 7501 gedateer 2 Oktober 2015), asook die Gedragskode vir Raadslede ingevolge Skedule 1 van die Stelselswet.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 AUGUSTUS 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Augustus 2016 goedgekeur word en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 26 OKTOBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Oktober 2016 goedgekeur word en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 12 OKTOBER 2016

Saamgelees met

NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 5 OKTOBER 2016

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

7.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 31 AUGUSTUS 2016

7.1.1 ITEM 8.5: MOSIE OOR STRAATNAME: FASE 2 VAN PHOLA PARK (3/4/1/1, 16/5/6)

Die Speaker bevestig dat die "Mosie oor straatname: Fase 2 van Phola Park" ingevolge reël 36(2) van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings korrek ontvang is.

7.1.1/...

Rdl B J Penxa stel voor dat die mosie verwerp word, aangesien dit 'n mandaat van die gemeenskap is om straatname toe te ken, en nie dié van 'n politieke party nie.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die voorgestelde straatname deur SANCO ondersteun word, en noem rdle Penxa – ondersteun deur rdl Bekebu – dat die strukture van SANCO in Ilinge Lethu ontbind is, en dat die skrywe nie in aanmerking geneem kan word nie.

Die volgende straatname vir Phola Park is op 7 Oktober 2015 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel vir oorweging, naamlik:

- Sarah Bartman Street
- Johnson Sizani Street
- Zathu Street
- Jacob Zuma Street
- Mandela Street
- Govern Mbeki Street
- Peter Mokaba Street
- Albertina Sisulu Street
- Hector Petersen Street

Die Uitvoerende Burgemeester het besluit om Mandelastraat te wysig na Nelson Rolihlahla Mandelastraat en om Zathu- en Jacob Zumastraat weg te laat om alternatiewe name vir hierdie twee strate te oorweeg.

Daar is besluit op Patric Nqlobe- en Enoch Sontongastrate om hierdie persone te vereer vir hul rol in die ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap (met betrekking tot Patric Nqlobe) en die bydrae tot die ontwikkeling van 'n verenigde, samehangende en vreedsame kontinent (met betrekking tot Enoch Sontonga).

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met vyftien raadslede ten gunste daarvan, ses raadslede daarteen en een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat die volgende name aan die strate in Phola Park wat nog nie oor 'n straatnaam beskik nie, toegeken word

- Patric Nqlobestraat
- Enoch Sontongastraat

(b) Dat die Landmeter-Generaal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 OORROL AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR 2016/2017 (5/1/4)

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die doel van die oorrol aansuiwerings-kapitaal en –bedryfsbegroting ingevolge artikel 28 van die MFMA tweeledig is, om

- besteding van fondse in die kapitaalbegroting wat onbestee was teen die einde van die 2015/2016 finansiële jaar, te magtig;
- ongespandeer staatstoekennings wat reeds deur die Nasionale en Provinsiale Tesourie goedgekeur is ten opsigte van die 2015/2016 finansiële jaar te laat oorrol.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met sestien raadslede ten gunste daarvan, en ses raadslede wat buite stemming bly.

8.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;

(b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2016/2017 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n afname in die tekort van -R 12 797 856 na -R 12 139 579;

(c) Dat dit in ag geneem word dat die 2016/2017 oorrol aansuiweringsbegroting nie 'n impak het op die 2017/2018 en 2018/2019 buite finansiële jare soos goedgekeur op 26 Mei 2016 nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van ongespandeerde staatstoekennings wat reeds deur Nasionale en Provinsiale Tesourie goedgekeur is ten opsigte van die 2015/2016 finansiële jaar, soos geopenbaar in die finansiële state van die Raad op 30 Junie 2016;

(e) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in Aanhangsel A uiteengesit;

(f) Dat die Dienslewering – en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2016/2017 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting	**Aansuiweringsbegroting**
Kapitaalbegroting:	R 74 689 669	R 75 643 467
Bedryfsuitgawe:	R 654 711 941	R 655 585 750
Bedryfsinkomste:	R 641 914 085	R 643 446 171
Begrote Surplus/ (Tekort):	(R 12 797 856)	(R 12 139 579)

8.2 NUWE TARIEF: DAGSORGSENTRUM AANSOEKE (5/4/1/1)

Die Afdeling: Beplanning is in proses om dagsorgsentrum in die munisipale gebied te ondersteun om die korrekte grondgebruike te bekom. By die onlangse Vroeë Kinderontwikkeling (*ECD)*-forumvergadering is die aandag daarop gevestig dat hierdie fasiliteite nie die grondgebruikaansoekgelde kan bekostig nie, wat ±R10 000 kan beloop.

'n Motivering vir die voorgestelde verlaagde tarief word in die verslag tot die sakelys gegee, waarvan een van die voordele is dat indien die regte grondgebruik verkry word, die fasiliteit by die Departement van Maatskaplike Dienste om finansiële ondersteuning kan aansoek doen.

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Die Raad die implementering van die voorgestelde nuwe tarief vir dagsorgsentrums in die Swartland goedkeur vir implementering met ingang van 1 Januarie 2017:

Vergunningsgebruikaansoek vir dagsorgsentrum : R560,00

(b) Indien dagsorgsentrumeienaars wel die aangrensende/affekteerde eienaars (soos deur hierdie Munisipaliteit uitgewys) se toestemming bekom, sodanige aansoek nie onderhewig sal wees aan advertensiekoste, provinsiale koerant koste en posgelde nie;

(c) Die Afdeling: Beplanning hul bereid verklaar om dagsorgsentrumeienaars in groepe met die voltooing van die aansoek te ondersteun.

8.3/...

8.3 VERSLAG INSAKE AFWYKINGS MET VERWYSING NA DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSPROSESSE IN TERME VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE: 1 JULIE 2015 TOT 30 JUNIE 2016 (8/1/B/2)

Paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid maak voorsiening dat daar in sekere gevalle van die voorgeskrewe prosedures afgewyk mag word, byvoorbeeld vir die aanstel van prokureurs, advokate, stadsbeplanners, en so meer, asook vir herstelwerk aan voertuie by geregistreerde motorhandelaars.

'n Lys van afwykings vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 is ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid met die sakelys gesirkuleer, en sal ook in die finansiële state vermeld word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat kennis geneem word van dienste gelewer (waar dit onprakties is om die mark te toets) ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 met verwysing na afwykings van die verkrygingsprosedures soos voorgeskryf in die beleid.

8.4 WYSIGING VAN VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid word jaarliks tydens die begrotingsproses hersien, en indien nodig, word wysigings aangebring.

Na afloop van voormelde proses is daar 'n MFMA Omsendskrywe (*MFMA Circular 83, Adversitement of bids and the publication of notices in respect of awarded bids, cancelled bids, variations and extensions of existing contracts on the etender publication portal*) op 18 Julie 2016 deur Nasionale Tesourie, asook 'n *Comaf no. 6* vanaf die Ouditeur-Generaal uitgereik wat wysigings aan die Voorsieningskanaalbestuurderbeleid genoodsaak het.

Die gewysigde Voorsieningskanaalbestuursbeleid is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die voorgestelde wysigings op die Raad se *Supply Chain Management Policy*, soos voorgehou in Aanhangsel A, goedgekeur word met onmiddellike effek.

8.5 RAADSLIDVERGOEDING: BELEIDSMAATREËLS INSAKE (1) BETALING VAN REISTOELAES, EN (2) VERSKAFFING VAN 'TOOLS OF TRADE' (5/10/1)

Raadslede is met die 1ste Raadsvergadering op 11 Augustus 2016 voorsien van die kennisgewing in Staatskoerant R.33867 gedateer 10 Desember 2015 aangaande die bo-perke van salarisse en toelaes van raadslede.

Genoemde kennisgewing bepaal, onder andere, die betaling van reistoelaes aan raadslede, asook die 'tools of trade' wat aan raadslede beskikbaar gemaak mag word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

A. Reistoelaes vir amptelike besigheidsreise

Dat reistoelaes geëis mag word uit hoofde van die Raad se Beleid insake die Betaling van Reis-, Akkommodasie- en Verblyfkostes vir amptelike besigheidsreise wat gemaak word na en van die ‘munisipale kantore’ en ‘werksplekke’ soos hieronder gedefinieer:

(a) Ten aansien van **voltydse raadslede**, sal ‘munisipale kantore’ verwys na:

Malmesbury, in die geval van rdle T van Essen, M Goliath, R van der Westhuizen en O M Stemele
Riverlands, in die geval van rdl P E Solomons

8.5(a)/…

Moorreesburg, in die geval van rdl M van Zyl
Darling, in die geval van rdl M Rangasamy

(b) Ten aansien van **deeltydse PR (proporsionele) raadslede**, sal 'plaaslike munisipale kantore' verwys na Malmesbury Hoofkantoor

(t.o.v. rdle N S Zatu, D B Philander, C Fortuin, A M Sneewe, F S Humphreys, Z Bekebu, L Mfutwana)

(c) Ten aansien van **deeltydse Wyksraadslede**, sal 'gewone werksplek' verwys na:

Moorreesburg, in die geval van rdl C H Papers
Riebeek-Wes, in die geval van rdl N Smit
Chatsworth, in die geval van rdl B J Stanley
Darling, in die geval van rdl E S M Maart
Malmesbury, in die geval van rdle J M de Beer, B J Penxa, C Daniels
Abbotsdale, in die geval van rdl V D McQuire
Riebeek Kasteel, in die geval van rdl D G Bess

(d) Dat 'amptelike besigheidsreise' sal verwys na reise gemaak deur raadslede as amptelike afgevaardigdes van die Raad in die uitoefening van funksies en verpligtinge binne sowel as buite die area van jurisdiksie van die munisipaliteit, bv. om vergaderings by te woon, om die munisipaliteit te verteenwoordig by 'n konferensie, werkwinkel, vergadering, seminaar of vir enige ander amptelike verpligting (ter uitsluiting dus van reise gemaak vir normale raadsverpligtinge, bv. bywoning van raads- en komiteevergaderings, wykskomiteevergaderings, besoeke aan en interaksies met kiesers).

B. 'Tools of trade'

(a) Dat die volgende 'tools of trade' aan **voltydse raadslede** beskikbaar gemaak word:

Kantoorakkommodasie en –toerusting; parkeerplekke; besigheidskaartjies; sakrekenaars; briefhoofde; skryfbehoeftes; drukkersink ('toner cartridges'); dagboeke; posgeld; kantoortelefoon; en toepaslike mobiele tegnologie en multi-digitale kantoor, ingesluit skoot- en/of 'desktop' rekenaar, drukker, fotokopieerder en scanner;

(b) Dat, ten aansien van **deeltydse raadslede**, die aangehegte '*Tools of Trade Policy for Part Time Councillors*' goedgekeur word vir implementering met onmiddellike effek, om die betaling van maandelikse toelaes aan deeltydse raadslede vir die verskaffing van inligting en kommunikasie tegnologie (ICT) toestelle en data kommunikasieskakels vir amptelike gebruik te reguleer.

8.6 STAANDE REËLS EN PROSEDURE MET BETREKKING TOT DISSIPLINÊRE AANGELEENTHEDE TEEN RAADSLEDE (3/B)

Paragraaf 14(1)(b) van die Gedragskode vir Raadslede (Skedule 1 van die Stelselswet) maak voorsiening vir die aanstelling van 'n komitee om enige oortreding van of versuim deur raadslede om te voldoen aan 'n bepaling van die Gedragskode vir Raadslede te ondersoek.

Verder moet die voorsitter van 'n munisipale raad (die Speaker) – onder andere – verseker dat die Gedragskode vir Raadslede in die Raad en komitees van die Raad nagekom word en kan ingevolge paragraaf 13(1)(a) 'n ondersoek gelas na die feite en omstandighede van die beweerde oortreding van die Gedragskode vir Raadslede .

Die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings maak ook voorsiening dat die Raad 'n spesiale komitee mag instel om die herhaalde nie-bywoning van vergaderings deur 'n lid te ondersoek.

Besluit/...

8.6/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H Papers, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die instelling van ‘n Dissiplinêrekomitee en vir die aanname van die Staande Reëls en Prosedures met betrekking tot Dissiplinêre Aangeleenthede teen Raadslede;

(b) Dat die Dissiplinêrekomitee uit lede van die Reëlskomitee bestaan (uitgesluit die Speaker) en dat rdl O M Stemele as voorsitter aangewys word, naamlik:
- Uitvoerende Onderburgemeester
- rdl M van Zyl
- rdl P E Solomons
- rdl O M Stemele
- rdl L E Mfutwana
- rdl Z Bekebu

(c) Dat die funksies van die Dissiplinêrekomitee soos volg sal wees:
(i) Om ondersoek in te stel na en aanbevelings aan die Raad te maak oor enige oortreding van reël 14(3) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening Insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings;
(ii) Om enige aangeleentheid wat deur die Speaker na die komitee verwys is oor enige beweerde oortreding of nalate van 'n raadslid om aan die bepalings van die Gedragskode vir Raadslede (Skedule 1 van die Stelselswet) te voldoen, te oorweeg;

(d) Dat die kworum van die Dissiplinêrekomitee 'n gewone meerderheid van die lede is;

(e) Dat daar kennis geneem word dat ingevolge paragraaf 7.1 van die staande reëls die Voorsitter van die Dissiplinêrekomitee die Munisipale Bestuurder kan versoek om 'n kundige aan te stel om die komitee by te staan en van raad en advies te bedien.

8.7 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (1/1)

Swartland Munisipaliteit beskik tans oor die volgende dokumente wat grondgebruik-beheer in die munisipale area reguleer, naamlik:

- Swartland Geïntegreerde Skemaregulasies (afgekondig in Provinsiale Koerant, kennisgewingnommer 37 van 20 Maart 2014);
- Swartland Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (afgekondig in Provinsiale Koerant, kennisgewingnommer 211 van 3 Julie 2015).

Nasionale wetgewing deur die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, no 16 van 2013 (SPLUMA) vereis dat 'n geïntegreerde grondgebruikskema vir die munisipale area binne 5 jaar na inwerkingtreding van vermelde Wet geïmplementeer word.

Die aangehegte konsep Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, waarvan die Geïntegreerde Skemaregulasies 'n skedule tot die verordening is, is aan die Provinsiale Minister van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning voorsien vir kommentaar. In 'n skrywe gedateer 14 Oktober 2016 ontvang vanaf die betrokke departement word bevestig dat Swartland Munisipaliteit se verordening aan die algemene beginsels van SPLUMA voldoen.

Die konsep verordening is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 9 November 2016 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

Die Speaker reël dat daar tot stemming oorgegaan word en word die aangeleentheid beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met vyftein raadslede ten gunste daarvan, en sewe raadslede wat buite stemming bly.

Besluit/...

8.7/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C Daniels)

(a) Dat die konsep Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning in beginsel goedgekeur word;

(b) Dat die konsep verordeninge vir publieke kommentaar vir ten minste 30 dae geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, sowel as paragraaf 59 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

8.8 MENSLIKE HULPBRONNE: WYSIGING VAN RANGSTRUKTUUR: VERKEER EN WETSTOEPASSING MET INGANG VAN 1 DESEMBER 2016 (2/3)

Artikel 66 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is om die organisatoriese struktuur te ontwikkel, wysingings ingesluit, waarna dit deur die Raad goedgekeur moet word.

Die doel van die wysiging van die organisatoriese struktuur van die Departement: Beskermingsdienste is om 'n eenvormige rangstruktuur vir alle munisipaliteite in die Wes-Kaap, sowel as die Provinsiale Verkeersowerhede te bewerkstellig.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat die Raad die wysiging van die organisatoriese struktuur van Beskermingsdienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 Desember 2016.

8.9 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN GEDEELTE ERF 1071, CHATSWORTH AAN DEPARTEMENT OPENBARE WERKE VIR HERVESTIGING VAN KLINIEK (12/2/B)

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het aansoek gedoen om 'n perseel (groot ±1500 m²) te bekom vir die hervestiging van die bestaande kliniek wat op erf 806, Chatsworth geleë is.

'n Gedeelte van erf 1071 (groot 1500m²), geleë op die hoek van Yorkstraat, Hutchinson- en 3de Laan, is vir hierdie doeleindes geïdentifiseer en sal die erf dienooreenkomstig onderverdeel moet word. Die betrokke departement het aangedui dat die gedeelte van erf 1071 geskik is vir die vestiging van 'n vervangingskliniek te Chatsworth.

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl V D Mc Quire)

(a) Dat die Raad in-beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte (groot ± 1 500 m²) van erf 1071, Chatsworth uit-die-hand-uit aan die Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke vervreem word vir die hervestiging van die bestaande kliniek in Chatsworth, ten bedrae van R82 500,00, BTW uitgesluit;

(b) Dat die volgende voorwaardes sal geld:

(1) Die koper sal verantwoordelik wees vir alle kostes wat met die transaksie verband hou, ingesluit enige hersonerings- en ander tersaaklike grondgebruiks- en administratiewe aksies, waaronder advertensieskostes;
(2) Indien enige bogrondse of ondergrondse diens of dienste vervang, verskuif en/of beskerm moet word, die volle uitgawe daaraan verbonde vir die koste van koper sal wees;
(3) Daar van die raadsprokureur se dienste gebruik gemaak word om die verkoop-ooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;
(4) Die voorgenome ontwikkeling op die betrokke gedeelte grond sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruiksparameters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê sal moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);

8.9(b)/...

(5) Die koper by Eskom moet aansoek doen vir ‘n elektriese aansluiting na die perseel;

(c) Dat kennis geneem word dat erf 1071, Chatsworth in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(d) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopooreenkoms te mag finaliseer en onderteken;

(e) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendomme vir publieke kommentaar geadverteer word, en – indien enige besware ontvang word – die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om daarmee te handel, en om die transaksie te mag finaliseer;

(f) Dat daar met die Departement Kultuursake en Sport in gesprek getree word oor die moontlikheid om die bestaande kliniekgebou op erf 806, Chatsworth te reserveer met die oog op die toekomstige uitbreiding/vervanging van die bestaande biblioteek wat op dieselfde erf in ‘n skeepsvraghouer geakkommodeer word.

8.10 VORDERINGSVERSLAG RAKENDE DIE VERVREEMDING VAN ERF 1420, ABBOTSDALE VIR DIE VESTIGING VAN 'N KLINIEK (12/2/B)

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het 'n bedrag van R3,5 miljoen begroot vir die konstruksie van 'n satelliet kliniek in Abbotsdale, wat ook in die IDP vervat is om teen April 2019 voltooi te wees.

Die voormalige Raad het in November 2014 goedkeuring verleen vir die verkoop van erf 1420, Abbotsdale aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke vir doeleindes van die vestiging van 'n kliniek.

In die verslag tot die sakelys word breedvoerig uitgebrei aangaande die redes vir die vertraging in die oordrag van erf 1420, Abbotsdale, en kom dit hoofsaaklik daarop neer dat die betrokke departement weier om bouplangelde te betaal. Die betrokke departement het adv Koos Celliers versoek om tot die onderhandelinge toe te tree, en het lg. geadviseer dat die voorwaarde om bouplangelde te betaal uit die verkoopooreenkoms verwyder word, maar dat die Munisipaliteit dit op skrif stel dat die reg voorbehou word om die betaling van bouplangelde ingevolge die Verordening insake die Indiening van Bouplanne nog steeds af te dwing.

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl V D Mc Quire)

Dat die Raad kennis neem van die verloop van sake wat daartoe aanleiding gegee het dat die oordrag van erf 1420, Abbotsdale aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke nog nie kon realiseer nie.

GETEKEN:
SPEAKER